AM 0066/96

EUGENE ALEXANDER DE KOCK

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

AANSOEK OM AMNESTIE

VOLUME 4

**Solomon Nicolson Rein & Verster**

Attorneys Notaries and Conveyancers
Prokureurs Notarisse & Aktebesorgers

7th Floor NBS Building
259 Pretorius Street Pretoria 0002
P O Box 161 or 645 or 1563 Pretoria 0001
Telephone (012) 325 2461
Fax (012) 328 3137 or (012) 21 7940
or (012) 323 6492 *Conveyancing*
Docex 11 Pretoria

7de Vloer NBS Gebou
Pretoriusstraat 259 Pretoria 0002
Posbus 161 of 645 of 1563 Pretoria 0001
Telefoon (012) 325 2461
Faks (012) 328 3137 of (012) 21 7940
of (012) 323 6492 *Aktebesorging*
Docex 11 Pretoria

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Ek bevestig dat ek op 'n stadium ook 20 self-gemaakte haelgewere aan Generaal Steyn gegee het. Hy het my daarna een aand om ongeveer 23h30 by my huis geskakel. Hy het aan my gemeld dat hulle verdagte persone deursoek het en nadat die persone gedood is is daar vasgestel dat hulle geen wapens by hulle gehad het nie. Hy wou 4 AK 47 gewere van my hê wat hy op die persone kon plant. Ek het daarna voortgegaan om die wapens aan hom te verskaf.

Ongeveer 3 weke na hierdie voorval het Generaal Steyn my weer geskakel met 'n soortgelyke versoek onder dieselfde omstandighede. Ek het daarna '[n hele bakkie vol wapens aan hom gestuur. Die vrag het bestaan uit AK47 gewere en ammunisie, pistole, RPG lanseerders en PG7 pyle en Oosblok handgranate.
Ek het self die wapens afgeneem en aand Andy Taylor oorhandig.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

N V T

9.c (i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

N V T

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

N V T

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE NAASBESTAANDES :**

ONBEKEND

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

GEEN

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN :**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

GENERAAL BERTUS STEYN

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF

(INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

N V T

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

**INSIDENT 51 :**

**BRIAN NGULUNGA :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAMESWERING OM MOORD TE PLEEG

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DATUM :

JULIE 1990

(iii) PLEK

PRETORIA / BOPHUTHATSWANA

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Ek was betrokke gewees by 'n voorval wat tot die dood van Brian Ngulunga aanleiding gegee het en welke slagting plaasgevind het op Vrydag 20 Julie 1990.

Ongeveer 'n maand voor die 20ste Julie 1990 het ek en Gen.Nick van Rensburg en Gen. Engelbrecht in die kantoor van Gen. Nick van Rensburg op die 7de Vloer van die Polisie Veiligheids-hoofkantoor te Schoemanstraat ontmoet.

Gen. Nick van Rensburg was ten tye van hierdie voorval die Bevelvoerder van Seksie C1 en sy rang op daardie stadium was Brigadier of Generaal. My herinnering is dat Generaal Engelbrecht se rand die van Brigadier was. Sy taak was op daardie stadium die van 'n ondersoekbeampte ten opsigte van bewerings wat persone ondermeer Dirk Coetzee teen die Veiligheidspolisie gemaak het. Die beweringe is deur die Harms-kommissie ondersoek.

My herinnering is dat daar twee onderwerpe tydens hierdie vergadering met bovermelde persone bespreek is. Die eerste het gehandel oor 'n oorgrens-optrede in Botswana en die ander onderwerp was Brian Ngulunga. Brian Ngulunga was 'n getuie in die ondersoek van Regter Harms en hy was ook 'n lid van my personeel (C1) en 'n voormalige ANC lid - Brian Ngulunga was ook op 'n stadium gestasioneer te Vlakplaas.

Die gesprek om Brian Ngulunga het hoofsaaklik gedraai om die omstandighede

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

waarin hy homself bevind het en die feit dat hy emosioneel onstabiel begin raak het en daardeur 'n gevaar geskep het vir die S A Polisie en die moontlikheid dat die harms-kommissie sekere inligting van hom kon bekom. Verdere kompliserende faktor was die feit dat 'n vervolging in hom hangende was vir 'n poging tot moordklagte op sy swanger vrou.

Gen. Engelbrecht het gedurende die voormelde gesprek dit duidelik te kenne gegee dat Brian Ngulunga "stil" gemaak moes word. Daar was by my geen twyfel dat Brian Ngulunga gedood moes word nie. Ek het ook duidelik verstaan dat die reël van die doodmaak van Brian Ngulunga opgedra was aan Gen van Rensburg en Brigadier Engelbrecht. 'n Ander operasie wat onder bespreking was is soos voormeld, die aanval op 'n PAC huis in Botswana wat ook later deur my eenheid gedoen is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Op daardie stadium het ek besluit om die opdrag om Brian Ngulunga dood te maak, totaal te ignoreer en bloot my aandag te gee aan die beplanning van die Botswana operasie.

Ongeveer 'n maand en 'n half na die voormelde gesprek het ek weer 'n gesprek met Gen. van Rensburg gevoer en het hy my versoek dat ek dringend aandag moet gee aan die "Eliminering" van Brian Ngulunga. Die rede vir die dringendheid het klaarblyklik daarin gelê dat Brian Ngulunga na bewering reeds voelers uitgesteek het

na die ANC en dat hy te kenne gegee het dat hy die ware feite aangaande die Griffiths Menxenge Moord die lig wou bring.

Nadat ek die gesprek gehad het met Gen. van Rensburg het ek die voorgenome doodmaak van Brian Ngulunga met Dave Baker wat ook aan ons eenheid verbonde was bespreek. Ons het toe besluit dat Brian in een van die self-regerende state gedood moes word en het ons op Bophuthatswana. Ons het daarna besluit om die operasie uit te voer.

Ek wens verder daarop te wys dat ek vir Baker gevra het of hy die operasie sou lei en dat ekself bloot net die operasie sou ko-ordineer. Ek het ook aan hom gevra of hy te vrede sou wees met die hulp van Bellingham, Mentz en Piet Botha. KOI. Baker het te kenne gegee dat hy daarmee gelukkig was en is daar ook gereël dat die wapens wat gebruik sou word van Vlakplaas afkomstig sou wees.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die taak is daarna behoorlik voltooi .

Na afhandeling van die taak het ek en Baker na Gen. van Rensburg in sy kantoor gegaan en verslag gedoen aangaande die doodmaak van Brian Ngulunga. Ek het versoek dat daar deur die Pretoria Moord en Roof Eenheid hulp verleen moet word wat betref die ondersoek van die moord sodat die ondersoek deur die Polisie behoorlik gemonitor en beheer kon word. Ek het egter later verneem dat daar nie aan hierdie versoek voldoen is nie.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

MOORD

9.c **(i)** **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

BRIAN NGULUNGA

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE <u>NAASBESTAANDES :</u>**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

GEEN

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN:**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING T SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

GENERAAL NICK VAN RENSBURG, GENERAAL ENGELBRECHT

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

(b) SAAKNOMMER/S :

????

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

??

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL

REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

See no 40

Duplication

**INSIDENT 52 :**

**VULA / GOODWILL SEKHAKANE :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE:

MOORD

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DATUM :

29 JANUARIE 1991

(iii) PLEK

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Die voorval waarna ek hieronder verwys het plaasgevind op 29 Januarie 1991 en was die Vlakplaas Eenheid (C1) daarby betrokke gewees.

Ongeveer teen die einde van 1990 was ek by die Veiligheids-Hoofkantoor te Polly's Arkade, Schoemanstraat, Pretoria. Ek het vir Gen Majoor Steyn in die gang wat lei na Gen Engelbrecht (die Hoof van Seksie C10) se kantoor ontmoet. Gen Steyn was die Veiligheidshoof van Port Natal op daardie stadium en sy kantoor was geleë in die C R Swart Polisiestasie te Durban - ek het Gen Steyn goed geken en daar was 'n baie noue vertrouens verhouding tussen ons.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Gen. Steyn het toe aan my meegedeel dat hulle 'n groot probleem het met een van die sogenaamde Askari's wat gedreig het om oor te loop na die ANC en het hy ook ondermeer gedreig om verklarings aan die media te maak aangaande die verdwyning van 'n ANC operateur wat verbonde was aan die Fula operasie by name Charles Ndaba.

Ek en Gen Steyn het wegbeweeg vanwaar ons ontmoet het en ons het by 'n pilaar in die hoofgang gaan staan en die gesprek voortgesit. Gen Steyn het gevra dat ek aan hulle hulp verleen deur toe te sien dat die man "stil gemaak" moet word. Ek het die verstaan as een waar hulp gevra word om die man om die lewe te bring.

Ek het volgens Gen Steyn aangeneem dat Charles Ndaba vermoor moes word alhoewel ek nie die presiese woorde kon onthou wat hy gebruik het nie. Daar was by me egter geen twyfel gewees uit die trant van die gesprek dat Charles Ndaba tydens die Fula ondersoeke om die lewe gebring is nie.

Ek het daarna vir Gen Steyn versoek om met Gen Engelbrecht die aangeleentheid te bespreek en uitklaring te kry alvorens ek bereid sou wees om hulp aan hom te verleen.

Ongeveer die derde week van Januarie 1991 is ek een oggend deur Generaal Engelbrecht opdrag gegee om met Gen Steyn te skakel aangaande die Askari wat hy vroeër met my bespreek het. Gen Engelbrecht wou hê dat ek sy telefoon moes gebruik om Gen Steyn te skakel - maar ek het te kenne gegee dat el liewer van my kantoor af sou skakel. Ek wens in hierdie verband daarop te wys dat my kantoor nie by die Hoofkantoor geleë was nie maar wel te Vlakplaas.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het Gen Steyn geskakel en hom gevra wanneer hy my mense gaan nodig hê om die Askari stil te maak. Hy het gesê dat hy hulle dadelik nodig het en ook gesê dat die mense wat gestuur word met Kol Andy Taylor moet skakel met die oog op samewerking en ko-ordinering.

Ek het na die gesprek met Gen Steyn vir Willie Nortje behoorlik op hoogte gebring aangaande die operasie en hom ook opdrag gegee om met Kol Taylor in verbinding te tree. Kol Taylor was goed aan my bekend gewees. Hy het gedien onder die

bevel van Gen Steyn en Kol Taylor was in bevel van Port Natal se Insurgensie en Ondersoek Eenheid.

Die volgende dag het Nortje my verwittig dat hy met A O Hanton wie onder bevel van Taylor gedien het, in verbinding was en met hom sekere reëlings getref het betreffende die optrede , verblyf en ontmoetings plek.

Ek het daarna opdrag gegee dat Brits en Swart saam met Nortje moet gaan om die taak uit te voer.

Ek het hom gevra of hy 'n "stil-wapen" het waarop hy geantwoord het dat hy 'n pistool beskikbaar het met 'n knaldemper.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het vir Nortje ook 'n bedrag van R7 000 gegee wat hy vir die operasie moes aanwend ten einde te verhoed dat daar kredietkaarte gebruik moes word - natuurlik dokumentêre bewysstukke kon vorm.

Nortje, Swart en Brits het saam vertrek en na 'n paar dae na afhandeling van die operasie het hulle teruggekom. Nortje het terugvoering gegee wat daarop gedui het dat die gemelde Askari dood geskiet is.

Kort nadat Nortje aan my terugvoering gegee het - het ek weer op my beurt aan Gen Engelbrecht gerapporteer dat Nortje hulle terug is en dat Gen Steyn se probleem opgelos is.

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

MOORD

9.c (i) **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

GOODWILL SEKHAKANE

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

ONBEKEND

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE <u>NAASBESTAANDES :</u>**

ONBEKEND

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

GEEN

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

10.c **IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL** Finansieel **OF ANDERSINS?**

NEE

10.d **INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN :**

N V T

11.a **IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?**

JA

11.b **INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

GENERAAL BERTUS STEYN EN GENERAAL KRAPPIES ENGELBRECHT

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

(b) SAAKNOMMER/S :

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

?????

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**INSIDENT 53 :**

**STILWAPENS :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ONWETTIGE BESIT VAN WAPENS

(ii) DATUM :

(iii) PLEK

PRETORIA

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Ek bevestig dat ons betrokke was in talle oorgrense-operasies en dat daar gedurende hierdie operasies gebruik gemaak is van sogenaamde "stil-wapens". Die volgende "stil-wapens" was in ons besit gewees :

AK 47 gewere met knaldempers (21) sover ek weet is die knaldempers intussen vernietig. Daar mag egter nog een of twee bestaan.

'n Uzi 9mm masjiengewere - 10 of 12 - welke gewere ook vernietig is met knaldempers en al.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Scorpion masjien pistole net knaldempers - waarvan 4 Of 5 opgeblaas is te Paardefontein.

Makarof pistole met knaldempers - ek kan nie onthou hoeveel nie.

2 of 3 beretta pistole met knaldempers

4 x 2.22 pistole met knaldempers (Ruger) - Brigadier Louis Koekemoer het later hierdie pistole teruggeneem

2 x Pachet masjienpistole met knaldempers en hulle is vernietig deur Andrezovich en Willie Odendaal van die Springs Veiligheidstak

4 x HMK masjienpistole met knaldempers

4 x P38 pistole met sub-soniese ammunisie en knaldempers wat aan A O Labushagne Veiligheidstak Middelburg oorhandig was.

My persoonlike wapen-arsenaal wat uit die ondergemelde wapens en ammunisie bestaan het is op my versoek deur Andrezovich vernietig in die teenwoordigheid van Willie Odendaal. Ek het vir Odendaal geskakel en hy het bevestig dat alles vernietig was :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

2 x Pachet 9mm masjien pistole

2 x Beretta 9mm pistole met knaldemper

2 x Amerikaanse M79 enkelloop granaat wapens met HE ammunisie

24 x fosfor granate

2 x RPG 75 weggooibare missiel lanseerders

6 of 7 Amerikaanse handgranate - Compound B tipe

4 of 5 kg plastiese springstof

Russiese, meganiese tydskakelaars met springdoppies

10 x klein miniatuur handgranate

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

9.c **(i)** **NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :**

N V T

(ii) **BEROEPE VAN SLAGOFFERS :**

N V T

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE**

NAASBESTAANDES :

N V T

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

GEEN

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

**** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.**

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?

NEE

10.d INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN :

N V T

11.a IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?

JA

11.b INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING VERLEEN HET :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

N V T

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

**INSIDENT 54 :**

**HANDGRANATE MET GEEN TYDVERSTRAGINGSMEGANISME:**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DATUM :

JUNIE 1985

(iii) PLEK

SPRINGS

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Die voorval wat die onderwerp van hierdie aansoek om amnestie betref het plaasgevind op die nag van 25 / 26 Junie 1985. Ek en van my eenheidslede was onder andere by hierdie voorval betrokke gewees .

Ten tye van hierdie voorval het ek gedien onder bevel van Brigadier Jack Cronje. Ek en lede van my seksie was in Durban ontplooi gewees en het ek op die dag waarop ek van Durban na Springs gery het 'n boodskap ontvang om met die veiligheidstak van Springs in verbinding te tree. Ek is van 'n telefoonnommer verskaf en het ek die Veiligheidstak geskakel waar ek met 'n lid gepraat het. Die identiteit van die lid is ek nie seker van nie behalwe dat die lid my meegedeel het dat ek onmiddellik na Springs moet vertrek.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het saam met twee voormalige lede Brian Ngulunga en Moses Nzimande na Springs vertrek.

Met my aankoms te die Afdelingshoofkantoor van die Veiligheidstak in die Nonguia gebied het ek vir Kaptein Roelf Venter gespreek. Roelf Venter was ook 'n lid van C10 en het eweneens onder bevel van Jack Cronje gedien.

Kapt. Venter het my meegedeel dat die rede waarom ek na Springs moet gaan tweeledig was, naamlik :

a. Ek moes hom die volgende dag na Pretoria vergesel om handgranate te gaan afhaal - die handgranate sou aan aktiviste wat deur die

Veiligheidspolisie geinfiltreer oorhandig word. Volgens Kaptein Venter is hierdie aktiviste verantwoordelik vir die aanval op die huise van Polisiemanne in die woongebiede en het ek self nie vooraf geweet van hierdie optrede nie.

b. Die C10 eenheid wat in Springs omgewing ontplooi was en wat betrokke was by hierdie operasie het op 'n kleinhoewe tussen Springs en Nigel tuisgegaan. Ek het vir Brigadier Jack Cronje die aand by my aankoms te Springs daar aangetref en die ander lede wat daarby betrokke was is ondermeer Joe Mamasela en ek dink Eric Maluleka. Daar kon ook nog ander lede van C 10 teenwoordig gewees het maar is ek nie presies seker nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die volgende dag het ek en Kaptein Roelf Venter na die Veiligheidshoofkantoor gegaan en het ons 'n kartonhouer by 'n kantoor van iemand ontvang. Die houer het ten minste 12 handgranate bevat. Daar was twee tipes handgranate naamlik 'n RGD5 offensiewe handgranate en 'n FN deffensiewe handgranaat.

Ek het aan Kaptein Venter gevra of hy net die helfte van die persone wou dood hê en of hy almal wou dood hê. Hy het te kenne gegee dat hy almal wou dood hê. Ek het aan hom gemeld dat die RGD 5 handgranate slegs die mense se hande en of arms sou afskiet en net ligte skrapnel beserings sou veroorsaak. Dit het vir my gelyk asof Kaptein Venter my kennis omtrent die handgranate in twyfel getrek het.

Ek het hom gevra of daar van die aktiviste is wat vir Joe Mamasela sou uit ken. Venter het te kenne gegee dat slegs die leier van die groep aktiviste vir Joe Mamasela sou uitken.

Ek het toe reeds kennis gedra van die feit dat hierdie handgranate so aangepas was dat daar geen tydsvertragingsmeganisme ingebou was nie. As gevolg van die feit dat die RGD 5 handgranate nie so doeltreffend is nie het ek voorgestel dat daar 'n limpetmyn voorberei moes word wat aan die leier gegee moet word sodat daar seker gemaak kan word dat hy sterf ten einde te verhoed dat Joe Mamasela later deur hom geidentifiseer word.

Ek en Venter het vanaf Hoofkantoor vertrek na die Tegniese Afdeling van die Veiligheidstak te Rebeccastraat, Pretoria Wes. Met ons aankoms daar het ons die limpetmyn aangeleentheid met die Hoof van daardie eenheid naamlik Majoor W A L du Toit bespreek. Hy was gevra om 'n limpetmyn voor te berei en is hy meegedeel dat die limpetmyn ook geen tydvertragingsmeganimse moes bevat nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Van Rebeccastraat is ons terug na Springs Veiligheidstak toe waar ek weer vir Brigadier Jack Cronje aangetref het. Hy was in kennis gestel van die limpet myn aangeleentheid en hy het die aangeleentheid so aanvaar.

Die hoof van die Springs Veiligheidstak en ook ene Lawrence Prins was deur my by Hoofkantoor gesien. Die Hoof was Kolonel Delport. Ek het verneem dat Lawrence Prins wat klaarblyklik 'n springstof deskundige is na die ontploffing die

tonele sou besoek het en verslag doen. Alhoewel ek nie die operasie met Kolonel Delport bespreek het nie en ook nie deur hom ingelig was aangesien hy uit hoofde van sy amp kennis gedra het van die operasie en wat beplan is.

Joe Mamasela se rol in die operasie het bestaan uit :

a. Hy het die Hoof aktivis hanteer - en sy hoofdoel was om hierdie man te gebruik om ander aktiviste aan te stig om Polisie manne se huise met handgranate wat by Hoofkantoor verkry is , aan te val sodat hulle hulself kon dood en/of beseer.

b. Die hantering van Joe Mamasela was deur Brigadier Jack Cronje gedoen - alle inligting aangaande hierdie operasie was deur Joe Mamasela aan Jack Cronje oorgedra. Ek het nie presies geweet wat Joe se opdragte was nie en ek was ook nie teenwoordig toe die handgranate aan Joe mamasela oorhandig is nie. Die limpetmyn was afgehaal by Du Toit en in besit van Kaptein Roelf Venter gelaat.

c. Ek het verneem dat die opdrag was dat die ontploffings gelyktydig moes plaasvind, maar ek kan nie onthou wat die presiese tyd van die ontploffings sou wees nie.

Die aand van die ontploffings het ek, Cronje en Venter en ook ander lede wie ek nie nou kan onthou wie by een gekom aan die noord-weste kant van Kwa-thema,

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

op die Springs Brakpan pad wat noord van Kwa-thema verby gegaan het. Ons het gehoor hoedat die verwagte ontploffings toe inderdaad plaasgevind het.

Na die ontploffings het ons teruggekeer na ons basis op die kleinhoewe tussen Springs en Nigel.

Ek het geen verdere terugvoering gekry ten aansien van die afloop van gebeure daardie spesifieke dag nie, maar die volgende dag het ek Cronje en Venter die toneel waar die limpetmyn ontplof het besoek.

Ons het op dieselfde dag ons lede van C1 onttrek en teruggekeer na Pretoria.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

9.b **BESERINGS, DOOD OF SKADE GELY AS GEVOLG VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIME OF MISDRYF/MISDRYWE :**

N V T

9.c **(i)** NAAM/NAME VAN DE SLAGOFFERS :

N V T

(ii) BEROEPE VAN SLAGOFFERS :

N V T

(iii) **NAME & ADDRESSE VAN SLAGOFFERS SE <u>NAASBESTAANDES :</u>**

N V T

iv) **ENIGE ANDER INLIGTING WAT MET DIE IDENTIFISERING EN OPSPORING VAN DIE SLAGOFFER BEHULPSAAM KAN WEES:**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

GEEN

10.a & b **POLITIEKE OOGMERK EN MY MOTIVERING WAAROM SODANIGE DADE, VERSUIME OF MISDRYWE AS DADE, VERSUIME OF MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN, BESKOU WORD :**

**** SIEN VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN POLITIEKE OOGMERKE WAT BEREIK WOU WORD EN DIE VOLLEDIGE MOTIVERING WAAROM DIE DADE 'N POLITIEKE VERBAND GEHAD HET.**

** SIEN OOK DIE PARAGRAAF OOR ALGEMENE AGTERGROND & INLEIDING.

10.c IS U OP ENIGE WYSE BEVOORDEEL Finansieel OF ANDERSINS?

NEE

10.d INDIEN WEL, VERDUIDELIK DIE AARD EN OMVANG DAARVAN :

N V T

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

11.a IS DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE VERRIG IN DIE UITVOERING VAN 'N BEVEL OF TEN BEHOEWE VAN, OF MET GOEDKEURING VAN DIE BETROKKE ORGANISASIE, INSTELLING, LIGGAAM, BEVRYDINGSBEWEGING, STAATSDEPARTEMENT OF VEILIGHEIDSMAG ?

JA

11.b INDIEN WEL, MELD BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT SODANIGE BEVEL OF GOEDKEURING EN DIE DATUM DAARVAN EN INDIEN BEKEND, DIE NAAM/NAME EN ADRES/SE VAN DIE PERSOON/PERSONE WAT SODANIGE BEVEL/E OF GOEDKEURING

**VERLEEN HET :**

KAPTEIN ROELF VENTER, BRIGADIER JACK CRONJE, W A L DU TOIT, KOLONEL DELPORT

12. **INDIEN VERVOLGING GEVOLG HET, MELD :**

(a) IN WELKE HOF :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(b) SAAKNOMMER/S :

N V T

(c) OP WELKE AANKLAGTE :

N V T

(d) DATUM VAN DIE VOLGENDE VERSKYNING IN DIE HOF (INDIEN ENIGE) :

N V T

(e) MISDRYF TEN OPSIGTE WAARVAN SKULDIG BEVIND IS (INDIEN ENIGE) :

N V T

(f) DATUM VAN VONNIS (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

(g) VONNIS OPGELê (INDIEN VAN TOEPASSING) :

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

N V T

(h) GEVANGENISNOMMER (INDIEN VAN TOEPASSING) :

N V T

13.a **IS SIVIEL VERRIGTINGE HANGENDE OF WORD DIT BEOOG NA AANLEIDING VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN AMNESTIE VERLANG WORD ?**

N V T

13.b **INDIEN WEL, MELD :**

(i) DIE IDENTITEIT EN ADDRESSE VAN PARTYE EN HUL REGSADVISEURS INDIEN ENIGE :

N V T

(ii) DIE SAAKNOMMER EN DIE HOF WAARIN DIE VERRIGTINGE HANGEND IS :

N V T

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**INSIDENT 55 :**

**M T MTHEHELANG :**

9.a **BESONDERHEDE VAN DIE DAAD/DADE, VERSUIM/E, MISDRYF/MISDRYWE WAT MET 'N POLITIEKE OOGMERK IN VERBAND STAAN :**

(i) DAAD/DADE, VERSUIM/E OF MISDRYF/MISDRYWE:

STAFBARE MANSLAG

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(ii) DATUM :

JUNE/JULIE 1989

(iii) PLEK

PRETORIA/VLAKPLAAS

(iv) AARD EN BESONDERHEDE :

Gedurende of omtrent Junie/Julie 1989 was die C1 Eenheid besig met 'n operasie op die Swaziland/R S A grens. Ons het 'n hinderlaag gelê vir 'n groep terroriste wat ons verstaan het die land sou binne kom.

Ons het vir feitlik 'n naweek naby die grens gewag op inligting maar niks het toe plaasgevind nie. Ons was woonagtig gewees te 'n vakansie oord te Badplaas en sou die operasie naby die Oshoek-grenspos plaasgevind het.

Op pad terug na Pretoria het ons by die Middelburg Ultra City stilgehou waar ons geëet en gedrink het en het ekself 'n groot hoeveelheid drank ingeneem.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Van Middelburg het ons beweeg na die Polaris Hotel te Erasmia waar ons verder gedrink het. Ons het omtrent 18h00/19h00 op Vlakplaas waar ons weereens voort gegaan het om in die kantien op die plaas te drink. Op hierdie stadium was feitlik al die lede onder die invloed van drank.

Op daardie stadium was daar 'n hele aantal "Askari's" wat op die plaas woonagtig was. Hierdie Askari's was feitlik deur die bank voormalige lede van die ANC of PAC wat militêer opgelei was en wat deur die S A P gearresteer is en oorreed is om hulle by die Polisie aan te sluit en op te tree teen hulle voormalige organisasies en makkers. Ek wens egter daarop te wys dat hierdie persone nooit regtig in totaliteit

vertrou kon word nie en was daar dikwels waar hierdie Askari's nadat hulle "gedraai" het weer van die plaas verdwyn het en hulle dan weer aangesluit het by die ANC of PAC. As gevolg van hierdie optrede was ons uiters bedag op die moontlikheid dat hierdie Askari's op enige stadium kon terugkeer en dan weer voortgaan met hulle optredes teen die Veiligheidspolisie en meer spesifiek teen die eenheid wat te Vlakplaas gestasioneer was.

Ekself was baie versigtig wat betref die uitreiking van wapentuig aan hierdie Askari's, uit hoofde van die feit dat hulle natuurlik hierdie wapens op enige stadium teen ons kon gebruik veral waar dit duidelik was dat hulle lojaliteit jeens die ANC of die PAC nog ongeskonde is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek was in hierdie verband veral uiters streng gewees wat betref die hantering van wapens deur die Askari's. Ons het by verskeie geleenthede gevalle ervaar waar swart polisielede en Askari's by voorbeeld hulleself te buite gegaan het in 'n shebeen en dan in die proses wapens verloor het en/of verkoop het. Hierdie wapens is dan later in aanvalle op die S A P gebruik.

Nadat ons van Badplaas af teruggekeer het en ons die by die kantien op Vlakplaas aangekom het - het een van die Askari's wat op die plaas woonagtig was in die kantien ingekom en vir my gesê dat hy in 'n shebeen van sy wapen beroof was. Dit was duidelik dat hierdie Askari besope was en dat hy nie heeltemal by sy volle positiewe was nie.

Toe die Askari my meedeel dat hy by 'n shebeen was en van sy wapen beroof is, het ek onmiddellik vermoed dat hy die wapen met opset aan iemand anders oorhandig het en dat daar 'n wesentlike moontlikheid bestaan dat hierdie wapen teen die Polisie gebruik sou word in 'n aanval of het die moontlikheid ook bestaan dat hierdie wapen bloot in 'n algemene aanval op die publiek gebruik sou word.

Ek was feitlik buite myself van woede en het besef wat die gevare inhou wat te weeg gebring is deur die Askari se optrede. Ek het onmiddellik 'n snoekerstok wat daar naby was gegryp en het ek die snoekerstok op die Askari se kop stukkend geslaan.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

As gevolg van my optrede het die ander lede van C10 wat in die kantien was, ondermeer Mnr Andries van Heerden, Leon Flores, Hugh Lugg, Snyders en Kapt. du Plessis, Sakkie Morkel, Snor Vermeulen, Dawid Brits, Bellingham, Martiens Ras, John Tait, Blackie Swart en Andrejowitz voortgegaan om Mthelange aan te rand.

Ek kan my herinner dat die Askari op 'n stadium op die grond gelê het en dat Piet Snyders hom toe begin "tube" het. Daar is van 'n binneband gebruik gemaak om hom te versmoor. Ek kan ook onthou dat Piet Botha en Brood van Heerden toe die "getubery" oorgeneem het en het Piet Botha toe later 'n tou geneem waarmee hy vir Mthelange verwurg het.

Brood van Heerden het toe later vir my gesê dat die persoon dood is en het ek

besef dat ons van die lyk moes raak aangesien dit groot probleme vir die S A P sou oplewer indien dit bekend sou word dat die persoon in die kantien vermoor is.

Ek het opdrag gegee aan Leon Flores, Martiens Ras, Ou Willemse om my te vergesel sodat ons ontslae kon raak van die lyk.

Die lyk is in die kattebak van die voertuig geplaas - ek kan onthou dat Martiens Ras die bestuurder was van die voertuig en ek dink Dou Willemse en Leon Flores het agter gesit.

Ons het die lyk geneem na 'n plaas naby die Brits/Hartebeespoortdam gebied, waarna ons voortgegaan het om 'n vlak graf te grawe en die lyk in die graf te plaas. Ons het daarna weer teruggekeer na Pretoria en het ek weer die volgende oggend by Vlakplaas aangekom.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het opdrag gegee dat niemand ooit weer oor hierdie insident moes praat nie en is my herinnering dat daar toe kort daarna sekere verbeterings en verbouings aan die kantien-gedeelte aangebring is. Ek kan onthou dat die mat ondermeer gelig is en dat daar toe teëls in die kantien ingesit is.

See Incident (6)

Ek het by 'n vorige geleentheid 'n voormalige lid van die ANC ene Johannes Mabothe gewerf as 'n Askari. Hy is deur my eenheid gearresteer en daarna toe gewerf. Na sy werwing het hy hom op Vlakplaas gevestig en het hy onder my bevel gedien.

Hy was 'n geruime tyd woonagtig en werksaam te Vlakplaas. Sover ek my kan herinner was ek op 'n dag deur of Hoofkantoor, of Kolonel Grobler van Soweto in kennis gestel dat Mabothe deur die Sowet Veiligheidstak gearresteer is. Skynbaar was hy weer betrokke met onwettighede wat betref aanvalle op Polisie en het hy aangesluit by Winnie Mandela en haar voetbalklub.

Ek het na hierdie voorval vir Bellingham, Kolonel Grobler, Chappies Klopper en nog 'n lid by die Marble Hall Polisie stasie ontmoet waar Mabothe ook teenwoordig was. Ons het na 'n plaas in die omgewing gegaan waar Mabothe buite 'n hut deur Klopper en die Sowet lede ondervra was. Hy was veral ondervra aangaande sy bedrywighede in Soweto gewees.
